

# Quo Vadis

Waar gaan u heen?

EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

**NR. 58**

Uitgegee deur die Deputate vir Evangelisasie van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522, Potchefstroom en gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Posbus 156, Potchefstroom 2520.

# HEMEL OP AARDE

Die hemel... ag nee wat!

Die aarde, ja, praat met my daarvoor, maar die hemel. Wat het dit met my te doen? Dit skeel my werklik nie wat daar aangaan nie... dit wil sê as daar iets soos 'n hemel is.

Praat met my oor die **aarde**. Dit raak my.

Kyk, ek het 'n vrou en vyf kinders en hulle moet eet en aantrek. Dit reën nie by my manna uit die hemel nie. Praatjies oor die hemel sal my niks in die sak bring nie.

Verstaan nou mooi... wat julle mense hemel noem, wil ek hier op aarde hê... 'n lekker en gemaklike lewe!

Wat help dit om vir my te preek oor die hemel? Hier het ek **nie hemel nie**, maar **hel op aarde**:

- My kind huil nie om hemel toe te gaan nie maar om melk te kry.
- My siek moeder wil die kanker genees hê. Dit sal vir haar hemel beteken.
- Die versukkelde gesin daar in die krot langs die spruit begeer nie 'n woning daar bo nie, maar net 'n huis waar die tien stuks gelukkig hier op aarde kan wees.

Bespiegeling oor 'n hemel? Gaan gesels liever met die rykes. Hulle het hemel op aarde.

•••

Voor jy te haastig raak, vriend, jy begeer '**n hemel** op aarde. Dis nou goed en wel, maar dit kan ek jou nie gee nie. Ek vermoed dat die soort hemel wat jy verlang, kan jou bankbestuurder jou ook nie mee help nie en die dokter sê sommer reguit dat hy niks meer vir jou ma kan doen nie.

## DADELIK DEELAGTIG

Wat jy dadelik deelagtig kan word, is **die hemel** — reeds nou op aarde. Laat ons maar dadelik sê: Die bestaan van die hemele hang nie af van jou en my bespiegeling daarvoor nie. Gelukkig is dit ook, want ons wil dan '**n hemel** op aarde hê en kan dit nie eers self bewerk nie. Wat wou ons nog **die hemel**, woonplek van die Almagtige God, se bestaan ontken — so asof dit nie kan bestaan nie, omdat ek en jy dit nie gemaak het nie.

Daar is nogal 'n groot verskil tussen '**n hemel** (jou gedagte) en **die hemel** (begeerlike woning van God en sy kinders). Eintlik is daar nie iets soos 'n hemel nie, maar wel *die* hemel — die regte, ware hemel.

## GLO

Paulus is 'n man wat op aarde dit werklik moeilik gehad het. By geleentheid is hy met stokke geslaan en met klippe gegooi. Honger was nie vir hom iets vreemds nie. Slapelose nagte was 'n altyd terugkerende werklikheid.

Dié Paulus sê in sy brief wat hy aan die kerk in Efese geskryf het, dat God ons in Christus Jesus in die hemele laat sit (2:6). Hy bedoel Christus was op aarde, maar Hy het opgevaar na die hemel en sit daar aan die regterhand van Sy en ons Vader.

En verder: **Net soos** Hy nou in die hemel **is**, so is ons ook reeds in beginsel daar en **net so seker** as wat Hy die hemel deelagtig is, net so seker is ons dit ook deelagtig. God laat ons dit beërwe.

Vriend, ons wil dit nie te moeilik maak nie en stel dit daarom so:

## **GLO IN JESUS CHRISTUS!**

Om in Hom te glo, is om hemel op aarde te hê; nie 'n hemel nie maar **die** hemel.

Om die hemel nou reeds op aarde deelagtig te wees, beteken:

- dat die Here Jesus in die hemel voor God ons Voorspreker is;
- dat ons ons vlees in die hemel as 'n gewisse pand het;
- dat Hy as die Hoof ons sy lede ook tot Hom sal neem;
- dat ons sy Gees as 'n teëpand het deur wie se krag ons soek wat daar bo is, waar Christus is.

## **HEMEL OP AARDE?**

Alleen deur die **geloof in Jesus Christus wat** opgevaar het na die hemel.

**J. J. de W. Krüger.**

# **LYDE...**

Lyde! Het u 'n begrip wat lyde regtig is?

U sê: Ja... u het deur diep waters gegaan. So het ons gevierde volksdigter Totius ook gedink.

Luister:

"Waar is 'n lot wat soos my lot so hard is?

Waar is 'n mens met smart wat soos my smart is?

Waar is 'n nag wat soos my nag so swart is?

'k Ontmoet 'n vrou swart was haar klere...

Dan volg 'n gesprek met die vrou en na die gesprek vervolg die digter:

Waar is 'n lot wat soos haar lot so hard is?

Waar is 'n mens met smart soos haar smart is?

Sy wys my op die Kruis van Jesus, en sê: Meneer ek was verlate, maar nie soos Hy van God verlate.

Ek was benoud, ja tot die dood, maar nie soos Hy: tot in die hel toe.

Die hemel bo was altyd ope, die hel onder was altyd toe. Só was 't vir my *om* Jesus-wille".

Waar is 'n lot wat soos Sy lot so hard is?

Waar is 'n mens met smart wat soos Sy smart is ".

Inderdaad het Totius hier iets vasgegryp van die onbeskryflike lyde van Jesus... Jesus die Christus van God. Jesus het gely! Van die uur van Sy geboorte af. Geen plek word hom gegun om gebore te word... slegs 'n krip in 'n stal.

## **Man van Smarte**

Van Hom het die profeet Jesaja eeue tevore geprofeteer: "Hy was verag en deur die mense verlaat, 'n man van smarte en bekend met krankheid."

So inderdaad was die lewe van Jesus!

Deur sy eie mense is Hy nie geëer nie. Nee, verwerp en steeds het die haat teen hom opgelaai. Waarom? Omdat Hy liefde gegee het aan arm en ellendige sondaars. Hy wou hulle nie veroordeel nie. Hy wou hulle siekes gesond maak, hulle blindes laat sien, dowes laat hoor en kreupeles laat loop. Daarom het die mense Hom gehaat en verag. So ernstig dat hulle Hom wou doodmaak. Hulle het Hom doodgemaak, maar nie eens eervol nie. Kom ons kyk...

## **Die Smarteweg**

Hy is deur een van sy vriende verkoop en met 'n verraderlike kus verraai. Elke dag was Hy tussen die mense in die tempel, maar nou gaan hulle met swaarde en stokke om hom gevange te neem. En dan daardie **SWART NAG!** Wat 'n lyde! As Hy sy mond oopmaak, word Hy met die vuis geslaan, in sy gesig gespuug, gezesel totdat sy naakte rug bloedbedek is en dan plaas hulle 'n doringkroon op sy hoof!

## **Uiteindelik na die kruisheuwel**

Luister, hoor die hamerslae as spyker na spyker deur sy hande en voete geslaan word.

Hoor die omstanders 'n woord uit sy mond?

Nee!

Hy het nie sy mond oopgemaak nie.

Eers daar **in** die **felle** Oosterse son ontsnap 'n kreet **uit** sy binnenste:

"My **God**, My God, waarom verlaat U My?"

Uiteindelik gee Hy sy Gees oor. Soos 'n moordenaar sterf Hy aan die kruis.

### **Waarom?**

Om die oordeel van God oor die sonde te dra —

sodat die hemel vir daardie vrou in swart oop en die hel toe mag wees!

sodat u van die oordeel verlos kan word,

sodat u vrede in die soekende hart mag kry,

sodat u in Hom mag glo en lewe... nie alleen nou nie, maar by Hom in die hemelse heerlijkheid tot in ewigheid.

**W. J. van der Westhuizen.**

## **GOEIE VRYDAG . . .**

En dit was die voorbereiding vir die Pasga en omtrent die sesde uur. Toe sê hy (Pilatus) vir die Jode: “Dáár is julle Koning”, maar hulle skreeu: “Neem weg, neem weg, kruisig Hom!” Pilatus sê vir hulle: “Moet ek julle Koning kruisig?” Die owerpriesters antwoord: “Ons het geen koning behalwe die keiser nie.”

Toe het hy Hom aan hulle oorgegee om gekruisig te word en hulle het Jesus geneem en Hom weggelei.

Hy het sy kruis gedra en uitgegaan na die sogenaamde Hoofskedelplek (in Hebreeus Golgota) waar hulle Hom gekruisig het, saam met twee ander; een aan elke kant en Jesus in die middel.

— Johannes 19:14-18

## **PAASSONDAG . . .**

En baie vroeg in die môre, op die eerste dag van die week, het die gelowige vroue en ander saam met hulle, by die graf gekom en die speserye gebring wat deur hulle toeberei was. Toe hulle ingaan, het hulle nie die liggaam van die Here Jesus gekry nie en terwyl hulle hieroor in verleentheid was, staan daar twee manne by hulle in blink klere. Toe hulle baie bevrees word en met hulle aangesigte na die aarde buig, sê die manne vir hulle: “Waarom soek julle die lewende by die dooies? Hy is nie hier nie, maar Hy het opgestaan.”

— Lukas 24:1-6

## **HEMELVAART . . .**

Hy antwoord hulle (sy dissipels): “Dit kom julle nie toe om die tye of geleenthede te weet wat die Vader deur sy eie mag bepaal het nie, maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judea en Samaria en tot aan die uiterste van die aarde.”

En nadat Hy dit gesê het, is Hy opgeneem terwyl hulle dit sien... en 'n wolk het Hom voor hulle oë weggeneem.

— Handeling 1:7-9

## **PINKSTER . . .**

Toe die dag van die Pinksterfees aanbreek het, was hulle almal eendragtig bymekaar. Daar kom skielik uit die hemel 'n geluid soos van 'n geweldige rukwind en dit het die hele huis vervul waar hulle gesit het. Toe het hulle tonge gesien soos van vuur, wat hulself verdeel en op elkeen gaan sit het.

En hulle is almal vervul met die Heilige Gees...

— Handeling 2:1-4

# ***DIE DOOD IS VERSLIND***

## **Lewe en Dood**

Ons sien beide die lewe en die dood, maar wie begryp een van die twee of albei, ten volle?

Begryp u dit miskien?

Is die lewe en die dood vir u ook maar soos 'n eindelose refrein? Dit wissel mekaar af. Dit volg mekaar op die spoor — dan is dit die lewe, dan is dit die dood. Sommige mense lewe nog — andere is al dood. Sommige mense is al dood — andere lewe nog en dié wat lewe, moet ook nog sterwe en daarmee is dit uit en gedaan.

Is dit vir u ook maar so?

Die lewe is niks anders as 'n langsame dood nie! Uiteindelik sal ook u in die dood wegsink — soos 'n stadigsinkende skip in die hart van die oseaan.

Ja, só gaan mense dood. Ons lewe is nie soos 'n eenrigtingstraat nie, soos die son wat maar elke nuwe dag weer van oos na wes beweeg nie... nie maar 'n weg van die lewe na die dood nie.

Nee, dooie mense word weer lewendig. Hulle staan op uit die dood.

Het **JY** daarvan gehoor?

Ons praat nie van 'n nuwe of moderne mediese prestasie nie. Ons praat nou van 'n daad van God, want God gee die lewe, maar Hy bepaal ook die doodsuur. Dit is ook Hy wat weer lewe uit die dood kan gebied... die opstanding uit die dood. Daarom is Hy die God van die lewe. Hy wil dat ons sal lewe tot in ewigheid.

Nou is daar iets wat u net so goed soos ek weet. Dit is dat die mense hierdie waarheid baie maklik vertrap en uitlag. Ons as mense vind dit moeilik om hierdie waarheid aan te neem, maar net soos die lewe en die dood 'n waarheid is, is die opstanding uit die dood ook 'n waarheid.

## **Die Emmausgangers**

Daar was lank gelede twee mans wat vanaf Jerusalem na die dorpie Emmaus gestap het. Ons lees daarvan in Lukas 24. Dit was al in die laat namiddag. Die son het reeds lang skaduwees oor die heuwelagtige landskap gegooi. Een van die mans se naam was Kleopas.

Die twee was baie ontsteld in hulle harte. Daar het baie dinge gebeur waardeur hulle ontstem is. Dit was al die derde dag nadat Jesus Christus aan die kruis gesterf het en Sy dood het hulle twee baie ontstel, want hulle het Hom liefgehad en in Hom geglo.

Hierdie twee mense het met mekaar oor die dood van Jesus gesels. Dit was 'n ontsettende dood aan die kruis wat 'n mens nie kon vergeet nie, maar vanaf dieselfde môre het verskillende vroue en van die dissipels begin vertel dat Jesus uit die dood opgestaan het. Dit het engele by Sy graf vir hulle gesê. Waarskynlik het Kleopas en sy vriend dit ook gehoor. Hulle sou seker op hulle weg na Emmaus ook met mekaar daaroor gepraat het.

Ewenwel, op 'n sekere moment sluit daar 'n derde Reisiger by hulle aan. Hy is onmiddellik in hulle geselskap geïnteresseerd. Al geselsende gaan Hy saam met hulle tot by hul huis in Emmaus. Hy wil verder gaan, maar hulle nooi Hom in. Hy moet by hulle oornag. Met só 'n goeie en diepsinnige vriend wil hulle nog baie gesels.

In hulle huis gedra Hy Hom vreemd. Daar is iets in die Man wat hulle nie kan plaas nie. Hy doen Hom in hulle huis as die Gasheer voor. Hy neem die plek van die huisvader aan tafel in. Alles word skielik vir hulle vreemd. Hy is vir hulle vreemd — totdat Hy die brood in Sy hande neem om dit te breek. Toe sien hulle dit albei. Sy hande — die merktekens van die spykers. Dit is die teken van die kruisspykers.

Dit is Jesus by hulle! Nou weet hulle dit, nou ken hulle Hom! Hy lewe... werklik! Hy was dood, maar nou leef Hy! Hy het uit die dood opgestaan.

### **Met eie oë gesien**

Dit wat vir mense moeilik en onmoontlik is om te glo, sien die twee manne nou. Dit is waar, Christus het op die derde dag uit die dood opgestaan. Dit beteken: *Christus het die dood oorwin. Hy is die Verlosser en die Saligmaker*. Só moet ons in Hom glo.

Dit is nou nie meer lewe én dood nie. Dit is nou lewe uit die dood en dit is lewe ná die dood. Dit is 'n ewige lewe na die wederkoms van ons Here Jesus Christus. Dan sal almal uit die dood opstaan... sommige tot die ewige heerlijkheid saam met God; andere tot die ewige verderf **sonder God**.

En wie nie nou só in Hom glo nie, se lewe is

- vol van kwellings en heimlike vrees;
- vol van heimwee en angs;
- vol van gedagtes dat die lewe sinloos sou wees.

Glo in Hom, die Lewensvors, as die Saligmaker en u sal met Hom lewe tot in ewigheid....in volle heerlijkheid.

**P. du Plessis**



## ***PIETERSE IS DOOD . . .***

Hulle het my gevra om hom te begrawe...

Hy was 'n groot, sterk, joviale tipe mens. Om sy mond het daar altyd 'n glimlag van onbesorgdheid gespeel. Alles het hy verower. Sy plaas was 'n lushof. Sy vriende was gek na hom. Sy beurs was goed gevul.

Nierkwaal het die dokter gesê, maar dit het Pieterse nie ontstel nie. Hy het nog steeds grappies gemaak: "Hoe sal die Boerevereniging sonder hom klaarkom!"

Dit het ernstiger geword. Die beste spesialiste het kop bymekaar gesit.

Ek móés met hom gaan praat. 'n Mens kan tog nie só sterwe nie, só sonder die Here nie.

Hy het my uitgelag!

\* \* \*

Hulle het my gevra om hom te begrawe...

Die hemel was so blou dié dag, die grond egter koud en swart. Die graf het spits na benede geloop en die wande was klam.

Die familie, ses moderne mense, het onkeerbaar geweene.

Ek het hom begrawe...

Die opsigter van die begraafplaas het gewag. Die arbeiders het nader gestaan met die skopgrawe. Ons moes gaan...

Daar is niks meer te sê nie. Hy is dood, vir ewig dood in die hel, waar die wurm nie sterf en die vuur nie uitgeblus word nie!

Pieterse is dood!

# PINKSTER . . .

## en die afgekapte hand

Wat het Pinkster met 'n afgekapte hand te doen?

Op hierdie vraag wil ek probeer om vir u 'n antwoord te gee.

Dit is sekerlik aan u bekend wat op Pinksterdag gebeur het. God het toe die Heilige Gees uitgestort in Sy kerk. Tussen die Heilige Gees en die kerk is daar dus 'n baie noue en intieme band. Iemand wat hom sou losmaak van die kerk, onttrek hom ook aan die werking van die Gees.

Laat ek dit met 'n voorbeeld verduidelik: 'n hand wat afgekap is, losgemaak van die liggaam, is sielloos en dood.

### Die hand

'n Hand kan nie los van die liggaam bestaan of bly lewe nie. Dit kan nog vir 'n kort rukkie warm bly, senuweetrekkings toon, maar kort voor lank word dit koud, gevoelloos, hard. Mettertyd verrot dit ook. So 'n hand is nutteloos... waardeloos.

### Die liggaam

Die liggaam waarvan hierdie hand afgekap is, ly natuurlik ook skade... dit verduur pyn en ontbeer die gebruik van 'n ledemaat. Die wond genees egter mettertyd en, hoewel die gemis blywend is, is die liggaam tog nie waardeloos nie. Dit kan nog arbe! Dit bly nog lewe en die geheim hiervan lê opgesluit in:

### Die siel

Toe God die mens gescape het, het Hy die asem van die lewe in sy neusgate geblaas en hy het 'n lewende siel geword. Die siel gee lewe aan die liggaam. Daarom kan die ledemate nie afsonderlik bestaan nie. Die *eenheid en lewe van die liggaam lê in die siel* opgesluit. Vanselfsprekend kan byvoorbeeld die hand nie los van die liggaam, dus ook los van die siel, bestaan nie.

Nou is die vraag: Is u nie dalk so 'n hand nie?

'n Snaakse vraag!

Kom ons stel nou in die plek van bogenoemde drietal 'n ander drietal, naamlik u, die kerk en die Heilige Gees. Kyk, die Bybel sê dat die kerk 'n liggaam is waarvan Christus die Hoof en die lidmate die ledemate is. Soos die siel in die mens se liggaam inwoon, so is die kerk (die liggaam van Christus) deurdronge van die Heilige Gees. Die Gees gee aan die liggaam van Christus die lewe en dus ook lewe aan die lede afsonderlik... soos u.

Gestel nou dat, toe u aan die kerk behoort het, u die hand van die liggaam van Christus was, maar nou behoort u nie meer aan die kerk nie — deur u eie toedoen of as gevolg van andere se optrede. U, die hand, is afgekap... en 'n afgekapte hand is ten dode opgeskryf. Ag, u kan miskien nog 'n rukkie lewe wys, maar dit is eintlik net die laaste spiertrekkings. Sonder die liggaam kan die hand nie bestaan nie. Sonder die kerk van Christus sterf mens 'n geestelike dood.

### Die kerk

Aan die ander kant moet die kerk, die liggaam van Christus, pyn verduur as ledemate afgekap word en met 'n gebrek voortgaan. Omdat u nie daar is nie, moet die liggaam van Christus een

van sy ledemate ontbeer. Soos die liggaam sonder die hand kan voortbestaan, so kan die kerk ook sonder u, maar kan u sonder die kerk? Kyk, in die kerk woon:

### **Die Heilige Gees**

Soos die siel aan die liggaam die lewe gee, so gee die Gees aan die liggaam van Christus dié lewe. As u u aan die kerk onttrek het, het u u ook onttrek aan die werkplek van die Pinkstergees. Ja, dan weerstaan u die werking van die Gees; dan is u ten dode opgeskryf, want sonder die Gees kan niemand sê dat Jesus, die Christus is nie.

### **'n Beroep op u**

Keer dan terug!

'n Hand kan hom nie bekeer nie, **maar** 'n mens wel!

Keer dan **terug na** die liggaam **van** Christus waar u weer deurdronge kan raak van die lewendmakende Gees! U het ook die res van die liggaam nodig. Die hand kan nie vir die voet sê: Ek het jou nie nodig nie! Keer terug! U het die ander gelowiges nodig om vir u oë en ore en voete te wees.

Weet u, die ander het u ook nodig. Omdat u nie daar is nie, moet die liggaam een van sy ledemate ontbeer. U krag en u medewerking is nodig. U kan dit nie bied as u nie één is met die kerk en met die Gees deurdronge is nie.

Weet u wat gebeur as u weer één is met die liggaam van Christus? U ontvang die lewe deur die Gees. Dan is u nie meer nutteloos nie, maar waardevol; nie meer geestelik dood nie, maar geestelik lewenskragtig. U is dan beter daaraan toe en die liggaam is beter daaraan toe! Dan word u gehelp en u help andere, want die lede moet gelyke sorg vir mekaar dra... dan word die wond geson en die gebrek aangevul.

Onthou, U gebrek is groter; U moet al die ander ontbeer! Dus is u wins ook groter as u terugkeer en al die ander lede sal saam juig. Meer nog, daar sal blydskap in die hemele wees, want God het nie behae in die dood van die sondaar nie, maar dat hy hom bekeer en lewe! Lewe deur die Heilige Gees!

**W. de Vos**

## ***Ek kan nie meer nie... !***

*Vader in die hemel, ek kom na u toe. Ek kom om my verslae hart aan u te kom oorgee.*

*Ek het lank genoeg teen die prikkels geskop. Ek was hardvogtig en opstandig. Ek het alles probeer om U uit my lewe uit te ban. Soms het ek gedink dat ek dit regkry, dat ek U vergeet het, maar nou weet ek: dit was tevergeefs. Geen mens kan vir U vlug nie. U het my ingehaal, altyd weer ingehaal, soos 'n groot sterk man sy opstandige klein seuntjie, soos 'n liefdevolle moeder haar afkerige dogter.*

*U het my van agter en van voor omring en u Hand op my gelê. U het die pad van u af weg vir my toegemaak. Ek is verslaan! Ek kan nie meer teen U veg nie; ek wil ook nie langer daarmee aanhou nie.*

*Daarom kom ek nou om my onvoorwaardelik aan U oor te gee. Here, U was te sterk vir my, of is dit: te lief vir my? U weet dit. Ek bid U: Vergewe my! Dink aan my gedoopte voorhoof. Dink aan die belofte wat U toe aan my gemaak het: Dat U, terwille van Jesus Christus, al my sondes vergeef het, en dat U my deur u Heilige Gees tot u kind aangeneem het. Vervul nou my hart, wat so dors na u liefde, met die strome van u goddelike erbarming.*

*En hou my dig by U, kind van U, om Christus ontwil.*

*Amen.*